

September 2010

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het 'n paar baie mooi foto's van die gebou van die Nationale Boeren Handelsvereeniging Beperkt, maar kon in geen gepubliseerde boek enige inligting daaroor kry nie. Dit het my laat besluit om te sien wat ek uit die ou koerante in my versameling kan opspoor. Ongelukkig is daar 'n hele paar jaar se koerante wat nog ontbreek. Eendag sal ek moontlik oor nog meer inligting beskik. Dan is ek ook nog op soek na my tafelmodel mikrofilmleser. Met die trekkery het dit iewers verlore gegaan, hoop dat ek dit gou kan opspoor.

Die gebou het gestaan op Erf 385 [na 1874 bekend as Erf 414] op die suid-westelike hoek van Kerkplein en Banklaan. Hierdie erf het vanaf Kerkplein deurgeloop tot by Pretoriussstraat. Wat ons vandag ken as Banklaan het toe nog nie bestaan nie. Deel van die Standard Bank se gebou staan tans daarop.

Dit is seker nie die korrekte manier van skryf nie maar vir my is dit meer logies om elke jaar 'n nuwe opskrif te maak.

1859

Ek sal maar begin by die begin. Op 5 Oktober 1859 het M.W. Pretorius die erf getransporteer op die naam van B.J. Pretorius (H.P. zn.) vir die bedrag van 176 ryksdaalders (riksdaalers) [Rex-03 p252].

1864

B.J. Pretorius het die alleeneienaar daarvan gebly tot op 7 November 1864, toe die erf oorgemaak is aan B.J. Pretorius & Co. [Rex-03 p252].

1867

B.J. en C. Pretorius verbreek hul venootskap en die erf is nou te koop. Daar is 'n woonhuis en 'n winkel met 'n ysterdak op die perseel. P.J. Marais was toe die bestuurder van die winkel [S 1867-01-02]. In daardie jare het meeste geboue in Pretoria nog riet- en grasdakke gehad en 'n ysterdak was baie gesog. Op van die ou skilderye is die ysterdakke blou geskilder so ek reken dit was seker wat ons vandag sinkdakke noem.

'n Paar maande later is daar 'n advertensie in die Staatskoerant dat die prokureursfirma Marais & Preller nou vanuit 'n kantoor op die erf sake doen [S 1867-07-31].

1868

In November 1868 het B.J. Pretorius & Co. die erf op die naam van P.J. Marais oorgedra [Rex-03 p252].

1873

Nou hoor ons die eerste keer van Richard Winstanley. Hy is 'n vrygesel van Engeland en wanneer hy in Pretoria aangekom het is nie bekend nie. In Maart word 'n lisensie vir 'n winkel en 'n bottelstoer aan hom toegeken [S 1873-03-25] en 'n paar maande later verskyn daar 'n advertensie vir sy besigheid in die koerant [V 1873-08-22].

In November en Desember van dieselfde jaar word 'n hele paar krieketwedstryde tussen die Mother Country Eleven en die South African Born in Pretoria gespeel. Winstanley was kaptein van die Engelse span. Voor een

van die wedstryde word die twee spanne onthaal met 'n tiffin [ontbyt] deur die Staatsprokureur. Later die dag breek daar 'n groot storm uit en die krieketspelers gaan skuil in die raadsaal [V 1873-11-28; V 1873-12-06; V 1873-12-13].


1874

Richard Winstanley speel nog steeds krieket en word nou gekies as lid van die krieketklub se bestuur. Hy word ook verkies tot die nuwe bestuur van die Pretoria Klub en een van sy perde neem deel aan 'n reisies op Pretoria se reisiesbaan. Die Reisiesbaan was waar die Pretoriase skougronde vandag is.

In April [V 1874-04-25] word berig dat hy nou tydelik vertrek uit Pretoria, maar 'n paar maande later verskyn 'n advertensie in die koerant dat hy nou ook juwele verkoop en in Desember word berig dat hy nou baie nuwe voorraad ontvang het [V 1874-12-01].

Preller en De Villiers adverteer dat hul weeklikse veiling nou voor Winstanley se winkel gehou gaan word. Nog 'n interessante advertensie is dié van Solomon & Cooper wat nou 'n portretsalon naby Winstanley se pakhuis het. In die Hollandse koerant word van 'n winkel as 'n pakhuis gepraat. Dit is nie bekend wanneer Winstanley die eiendom gekoop het nie.

Op 5 November trou hy met Mathilda Caroline Winder. Hul eerste dogter word die volgende jaar gebore. Daar verskyn ook 'n advertensie dat sy kar en perde nou te koop is omdat hy dit nie meer nodig het nie [V 1874-11-21].



Suid-oostelike hoek van Kerkplein in die sewentigerjare
Dun-01 p58; Eng-01 p112; Ter-01 p121; Loc-01 p37.

Links op die foto is die Central Chambers [prokureurskantoor] en langs dit die Standard Bankgebou. Die lang wit gebou heel regs is die winkel van R. Winstanley. Op die foto het die winkel se stoep nie 'n dak nie. Hierdie is een van die fotograaf Gros se foto's. Ongelukkig is die afdruk nie duidelik genoeg om die name op die verskillende geboue te sien nie; op die oorspronklike foto sal dit wel leesbaar wees.

1875

Weereens 'n besige jaar. Winstanley is nou gekies as kaptein van die krieketspan en voorsitter van die klub. President Burgers se verjaarsdag is 'n vakansiedag en hy speel vir die "Europeans" se span krieket. 'n Paar maande later speel hy as "nie 'n amptenaar" teen die span van die staatsamptenare.

Die inwoners van Pretoria het besluit om 'n gemeenskapsaal te bou. Hy dien op die komitee om geld in te samel vir die projek. Hy word nou ook gekies as 'n beampete ["steward"] vir die perdereisies.

1876

Dit lyk amper asof hy van plan was om te verhuis. In Augustus word berig dat die huis wat hy tans in Proesstraat bewoon nou te huur is en ook dat al sy meubels te koop is omdat hy na Natal vertrek [V 76-08-05; V 76-08-19].

In Desember is hy egter nog steeds in Pretoria toe berig word dat sy winkel ook Woensdag om 2 uur sal sluit vir die halfweeklikse vakansiedag.

J.W. Henshall adverteer dat 'n huis te huur is langs Winstanley se winkel. Daar is blykbaar twee huise op die erf en die een wat te huur is is op die noordelike deel. Heel moontlik is dit die twee huise op die agterste deel van die erf wat aan Pretoriussstraat grens.

1877

Tydens Winstanley se afwesigheid uit Pretoria in Meimaand gee hy aan Preller & De Villiers volmag om namens hom sake te doen. Later word genoem dat daar 'n inbraak by sy winkel was. Net 'n paar kleinighede is gesteel.

In Oktober was daar 'n advertensie dat hy 'n groot uitverkoping hou om plek te maak vir nuwe voorraad [V 77-10-24].

1878

Daar word 'n diens gehou vir die hoeksteenlegging van die nuwe St. Albanskatedraal. Winstanley se besigheid is een van die wat gesluit is vir die geleentheid [V 78-04-02].

1880

Dit is die begin van die einde van Winstanley se besigheid. Hy verkoop sy winkel plus 'n deel van die erf op die suid-oostelike hoek van Kerkplein aan McHattie vir £2,675 [V 1880-07-28].

McHattie het 'n koetsdiens na o.a. Newcastle bedryf. Preller en De Villiers het as agente vir hom opgetree. Dit is nie bekend of hy dit vanuit die winkel bedryf het en of hy die winkel verhuur het nie. Nog 'n interessante stukkie geskiedenis is dat hy twee jaar later 60 myl ver op die Vaalrivier met sy nuwe stoomboot gevaaar het [V 1882-03-22].

Die prospektus van die Nationale Boeren Handelsvereeniging word in Potchefstroom bekend gestel. Francois F. Zeiler is die notaris. In April was die winkel op Potch nie gesluit vir anneksasiedag nie en gedurende die nag is dit met klippe bestook. Een van die klerke, J. Kok junior, sal voortaan in die winkel slaap [V1880-04-27].


1881

Winstanley adverteer dat hy 'n groot verskeidenheid "Xmas Cards" beskikbaar het. Dit is nie bekend of hy nog steeds in die ou winkel sake gedoen het nie.

1882

In Meimaand word berig dat die Nationale Boeren Handelsvereeniging binnekort in Pretoria 'n tak gaan begin. Drie maande later open hulle 'n winkel op Kerkplein in die gebou wat eers Winstanley se winkel was. Piet Badenhorst is die bestuurder en die hoof administrateur is C.J. Bodenstein [V 1882-07-23].

Kort daarna word berig dat hulle hul eerste besending Portugese wyne en Hollandse jenever via Delagoabaai ontvang het.



Suid-oostelike hoek van Kerkplein in die tagtigerjare

Dun-01 p60; Eng-01 p112

Links op die foto is nou die produktewinkel van Field & Co., en die Natal Bank is nouregs van die Central Chambers. Die Nationale Boeren Handelsvereeniging het die ou winkel van Richard Winstanley betrek. Die gebou heel links op die foto is die nuwe gebou van die Standard Bank.

1883

Die hoofklerk van die Nat. Boeren Handelsvereeniging, G.A. Roth, is oorlede en 'n vergadering word belê om 'n opvolger aan te wys. Paul Kruger word op Kerkplein ingehuldig as Staatspresident. Die koerant wil weet hoekom die winkel nie op die dag soos al die ander besighede gesluit was nie.

In November word R. Winstanley insolvent verklaar [V 1883-11-09].

1884

Die Nat. Boeren Handelsvereeniging verklaar dat hulle nou oor 'n kapitaal van £50,000 beskik. Die hoofdirekteur is nou C.J. Bodenstein [V 1884-01-01].

'n Veiling gaan gehou word van die vaste eiendom van Richard Winstanley. Die eiendom is geleë langs die Boeren Handelsvereeniging en bestaan uit 'n winkel, twee kantore, en 'n ysterstoer [120x40 vt] met 'n privaat ingang vir aflaai. Dan is daar ook 'n woonhuis aangrensend aan Pretoriussstraat met 6 kamers, 'n gang, blombeddings, en 'n tennisbaan [V 1884-01-18]. Later word berig dat die huis en pakhuis vir £2,040 aan die Standard Bank verkoop is.



1888

Die Nat. Boeren Handelsvereeniging adverteer dat hulle nou eikehoutmeubels, lampe en skilderye in hul magasyn het [V 1888-12-06].

1889

Jan van Soelen is nou die bestuurder en P.J. Joubert is die voorsitter. Hulle adverteer nou ook klaviere, lampe en klerasie.

1892

Die Nationale Boeren Handelsvereeniging word gelikwideer en die Standard Bank koop die eiendom. [Vir meer oor die geskiedenis van die Standard Bank kyk na die briewe van Mei en Junie 2009].

Die volgende is 'n incident waarin Winstanley 'n rol gespeel het en dit is sekerlik waar, maar ek dink daar is met die jare 'n paar stertjies aangelas. Besluit maar self? Ek haal aan uit Eng-04 p40.

Before the Secucuni War was over there returned from Secucuniland (but not actually from the front) that prince of adventure, the self-styled Charles Grant Murray Somerset Stuart David Gunn of Gunn. Gunn returned to Pretoria, and became in turn a martyr, was extolled as a hero, was arrested and tried for sedition by the British, figured as correspondent in an unsavoury divorce suit and --- was a principal of a duel.

There are two versions of that duel. In Kotze's "Memoirs and Reminiscences" the writer tells of how Gunn of Gunn was mercilessly flogged by Advocate Emile Hollard in the case quoted. Gunn of Gunn was so incensed that he challenged Hollard to a duel with pistols. Hollard, an ex-member of the German Legion, promptly accepted. The parties turned up at the place but, so says Kotze, Gunn of Gunn was the only absentee. Kotze says that Gunn of Gunn offered Hollard an apology.

The other version comes from the pioneer R.T.N. James who claimed to have been a witness at the duel which, so he said, took place on the Race Course in Pretoria West. According to James, everyone in Pretoria knew about the impending duel. All were determined that it should take place, but there should be no bloodshed. A merchant by the name of R. Winstanley, a man of many parts, had the key to it all. He was an amateur actor above the average. He happened to have two so called "property" pistols, i.e. pistols used on the stage. Both of them were fitted with hammer and percussion caps. Both, on release of the trigger, made the noise requisite to a duel and released a spring.

In collusion with a chemist, a pail containing a red fluid was prepared and one of the pistols was "loaded" with this harmless but, as was to transpire later, upsetting capsule. Both had percussion caps.

At the given signal the two contestants turned and fired. Gunn of Gunn was the first to shoot. To his horror Hollard stood his ground, aimed carefully and pulled the trigger.

Hollard was horror-stricken. His aim was true and he stood looking at an ever-increasing splash of scarlet on Gunn of Gunn's shirt front. He saw the gallows! He was himself dangling at the end of a rope! Transfixed, his eyes protruding, he stared at his adversary's shirt. Gunn of Gunn followed the flight of Hollard's eyes, glanced downwards, caught a glimpse of the spreading red --- and fainted.

Bonne gebruik

Dun-01	Lola Dunston. Young Pretoria 1889-1913. Pretoria. 1975.
Eng-01	Engelbrecht, S.P. [Dr.] Eeuvees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld. J.L. van Schaik Beperk. Pretoria. 1952.
Eng-04	Engelbrecht, S.P. [Dr.] Pretoria 1855-1955. Wallachs P. & P. Ltd. Pretoria.
LOC-01	Lochhead's Guide Handbook and Directory of Pretoria. Transvaal Reliable Agency. 1913.
Rex-03	Rex, H.M. Geskiedenis van die Eerste Ou Goewermentsgebou en sy Voorlopers in Pretoria. 1956. MA Verhandeling. Universiteit van Pretoria.
S	Staatskoerant
TER-01	Terry, Carolyn. Baanbrekerbank in 'n Baanbrekerland. W.J. Flesch & Partners. 1979.
V	De Volksstem

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel

Die volgende van Jan Pretorius

[Nou weet ek ook hoe dit werk, hoop net ek sal dit onthou – Rosa]

Rosa, na aanleiding van jou opmerking hieronder dat die betrokke persoon “tydens die Boere-oorlog” aan Engelse kant geveg het.

1882-02-04 *Trooper Haybittle kan sy medalje gaan afhaal by die Britse Resident.*

[Hy het dus aan die kant van die Engelse geveg tydens die Boere-oorlog]

Dit moet tog “tydens die Engelse oorlog” wees, nie waar nie? Die gebruik is tog dat ‘n mens die vyand teen wie jy geveg het noem in die naam van die betrokke oorlog. Vandaar dat die Engelse praat van die “Boer wars”. My oupas en oumas het altyd van die Engelse oorloë gepraat. Dit is blykbaar net omdat ons so verengels het dat ons soms agter die Engelse aan praat.

Om jou ‘n goeie voorbeeld te gee: In die sewentiende eeu was daar ‘n paar oorloë tussen Engeland en Nederland. Die Engelse praat dus van “the Dutch wars” terwyl die Nederlanders na dieselfde oorloë verwys as “de Engelsche oorlogen”.

Wanneer “buitestanders” van dieselfde oorloë praat, dan gebruik hulle name wat na albei deelnemers verwys. Amerikaners sal dus byvoorbeeld na die “Anglo-Boer War” en die “Anglo-Dutch wars” verwys.

Het ek nou ‘n klip in die bos gegooi?

Groete,

Jan Pretorius